

Hierdie is verlede jaar se Paassondagpreek wat toe nie uitgestuur was of dagstukkies was nie. Hierdie week sal u in die oggend dagstukkies oor nou Vrydag wat verby is se preek ontvang en in die aande die dagstukkies van vanoggend se preek. Ds. Petrus

Maandag Dagstukkies Paasvrydag

Jes. 52: 13 – 15, 53: 1 – 12; Mat. 28: 16 – 20; Lukas 24: 25, 26, 45 – 48. Teks Luk 24: 25 – 26: "Moes die Christus nie hierdie ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie."

Tema: "Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is." Ons word met Paastyd oorval met kerklike seremonies en geestelike stories oor Jesus. Maar wat het Jesus sêlf met hierdie naweek bedoel, beplan en uitgevoer? Dít het vir ons verlore gegaan en dís wat ons eíntlik in Paastyd weer moet hoor en glo. Die getuienis van al vier die evangelies is dat Jesus in sy bedoeling, beplanning en uitvoering vir hierdie naweek heeltemal alleen was en deur almal óf daarin teengestaan óf geminag is. Nie één dissipel, of enige ander mens, het tot en met sy verskyning op Sondagaand na sy dood Vrydagmiddag, ooit enige begrip vir sý bedoeling, enige ondersteuning vir sy plan gehad of enige samewerking gegee in die uitvoering van sy plan nie. Dit is hiérdie ongeloof wat Christus aanspreek in die Emmausgangers: "Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie? Móés die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie?" (Luk. 24: 25, 26) Hierdie woorde van die Here som sy volle bedoeling, al sy beplanning en elke daad waarmee Hy uitvoering aan sy bedoeling en beplanning gegee het op! Hierdie woord gaan oor wie Jesus self wóú wees, nie wie mense Hom wou láát wees of vandag maak nie. Jesus se werksaamheid van sy doop tot sy dood, was net drie jaar gewees. Vandat Hy twaalf jaar was (Luk. 2: 49, 50) tot en met Hy dertig was, het Hy vooraf vir Homself (hoe Hy Christus gaan wees), volledig beplan en uitgewerk. Elke getuienis van elke evangelis wys dat die Here self met een vaste bedoeling, duidelike beplanning en beslisde uitvoering van sy doel en plan besig was: Hy was besig om die mag te verkry om vir God se volk die Christus, die Messias te wees. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Maandag Dagstukkies Paassondag.

Joh. 16: 12 – 15, 14: 19, 20: 19 -21. Teks Johannes 14: 19: "Nog net 'n klein rukke, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe." Tema: "Christus laat ons lewe die ewige lewe saam met Hom wees." Wat Christus die Donderdagaand voor Paasvrydag vir sy dissipels sê: "'Nog net 'n klein rukkíe, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe", gebeur op die Paassondagaand. Jesus leef en hulle sien Hom! Die "kort rukkíe" wat sy dissipels Hom nie sien nie, was vanaf Vrydagaand tot Sondagaand gewees. Hoe Jesus na sy dood weer leef, sien ons in wat tussen Jesus en Tomas gebeur. Hoe hulle Jesus "sien" ná die kort rukkíe wat hulle Hom nie

gesien het nie, hoor ons in die geloofsbelydenis van Tomas: “My Here en my God!” Wie Jesus vandag is, sien ons in wat met Jesus en Tomas ’n week ná Paasnaweek gebeur. Op Paassondagaand (die Opstandingssonntag) het die Here verskyn en tussen sy dissipels gaan staan, terwyl die deure gesluit was en daar nie regtig vensters in daardie geboue was om by in te kom nie. Tomas was nie Paassondagaand saam met die dissipels nie. Toe hulle hom vertel dat hulle die Here gesien het, en wat hy in sy hart geweet het hulle nie regtig kon gesien het nie, het hy vir hulle sy geloof oor wat gebeur het op Paasvrydag, en wat hulle op Paassondagaand gesien het só gestel: “As ek nie die merke van die spykers sien, my vinger in die merke steek nie, en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo wat julle vertel wat julle gesien het nie.” Daarmee verklaar Tomas dat hy glo hulle het Jesus HERLEEF, maar hulle herlewing van Jesus is nie iets wat regtig gebeur het nie. Hy stel dat hulle Jesus net in hulle gedagtes, gevoelens en gees HERLEEF het, dis ’n geestesandoening in hul rousmart oor Hom. Want, sê Tomas, Jesus self leef nie meer nie, en hy wat Tomas is kán nie in ’n HERLEEFDE Jesus glo nie. Hy sal nét kan glo in die Here wat Hy GEKEN HÉT. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag Dagstukkies Paasvrydag

Jes. 52: 13 – 15, 53: 1 – 12; Mat. 28: 16 – 20; Lukas 24: 25, 26, 45 – 48. Teks Luk 24: 25 – 26: “Moes die Christus nie hierdie ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie.” Tema: 'Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.' Vandat Jesus twaalf jaar oud was, het Hy geweet Hy is die Christus (Luk. 2: 49, 50). Toe Jesus dertig jaar oud was, het Hy sy bedoeling en beplanning om die Christus te wees, waarmee Hy vir 18 jaar besig was, met sy doop begin uitvoer en met sy dood en opstanding voltrek. Sy vaste bedoeling, duidelike beplanning en beslisde uitvoering in hierdie 3 jaar was om met sy dood en opstanding die mag te kry om die Messias, die Christus vir altyd te wees. Jesus was niemand se martelaar, slagoffer, smartvraat, voorbeeld vir ’n mooi en selflose lewe, ’n liefdevolle mens wat net ware liefde onder geweld wil kom uitleef, ’n aktivis vir God se saak of ’n ghoeie wat nuwe geestelike ervarings met God kom oopmaak het vir ander mense nie. Hy het sy eie dood en opstanding beplan en uitgevoer om sy mag so aan te kon kondig: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.” (Mat. 28: 20) Hierdie mag is om die Seun van Dawid, die Christus te wees, volgens die Dawidsbelofte in 2 Sam. 7: 11- . In en deur sy doop het Hy Homself openlik as die Christus bekend gestel en gewys hoe Hy volgens sy eie bedoeling en beplanning die Christus gaan wees – om self die gedoopte Een te wees in die plek van sondaars, die Een wat hulle sondes gaan dra volgens die belofte van die Christus in Jes. 53: 5 “Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede moes bring was op hom, deur sy wonde het daar genesing gekom.” Deur sy doop het Jesus bedoel en beplan om die Christus te wees wat deur sy lyding sondaars se straf en oordeel sal wegneem. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag Dagstukkies Paassondag.

Joh. 16: 12 – 15, 14: 19, 20: 19 -21. Teks Johannes 14: 19: “Nog net ’n klein rukke, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.” Tema: “Christus laat ons lewe die ewige lewe saam met Hom wees.” Die volgende Sondagaand, na Paassondagaand, verskyn Jesus weer aan sy dissipels. Hierdie keer is Tomas teenwoordig. Jesus bevestig aan Tomas dat sy dissipels nie ’n herlewing van of innerlike gemoedsaandoening oor Hom gehad het nie. Hy sê hy moet sy vinger in die merke van die spykers steek en met sy hand voel aan sy, sy waar Hy met die spies gestek is. Jesus staan hier voor Tomas as ’n mens van vleis en bloed, dieselfde Jesus wie Tomas ken, mee saam geleef het en gesien het dat Hy gekruisig word en sterf, nie ’n ander geestelike Jesus nie. Dit is wat Jesus se opstanding uit die dood beteken: Jesus is Sondag oggend na sy dood (die Vrydagmiddag) weer die mens wat Hy wás, vleis en bloed, met merke wat wys Hy is nie iemand anders nie. So is en leef Jesus vandag nog steeds as mens van vleis en bloed, nes Hy uit die dood uit opgestaan het vir ewig. Dit was Jesus se aankondiging in Joh. 14: 19: “Julle sal My sien omdat Ek lewe en julle sal lewe.” Christus leef vandag as mens van vleis en bloed in die hemel. In die teksvers Joh. 14:19 stel Jesus: “Julle sal My sien” - nie as in ’n innerlike geestesandoening oor ’n dooie mens nie; ook nie as ’n droom of visioen of ’n aanvoeling van ’n geestelike mens wat naby is nie; ook nie net om aan Jesus as mens te bevoel en te bevat nie. Tomas “sien” Jesus deur in Hom te glo wie Hy as MENS van vleis en bloed sien: “My Here en my God!” Hy herken Jesus dus as mens én God! Wat hier met Tomas gebeur bevestig die Here self met die woorde: “Gelukkig is die wat nie sien nie en tog glo.” Dit is weer Johannes die evangelis, se dubbele woordbetekenis wat wys dat wie glo in die opgestane Jesus (die mens) uit die dood, “sien” Hom as God en Here, “sien” en ken Hom as GóD! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Woensdag Dagstukkies Paasvrydag

Jes. 52: 13 – 15, 53: 1 – 12; Mat. 28: 16 – 20; Lukas 24: 25, 26, 45 – 48. Teks Luk 24: 25 – 26: “Moes die Christus nie hierdie ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie.” Tema: ‘Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.’ Jesus het sy eie opstanding uit die dood bedoel en berekend beplan volgens Jes. 53: 11 en 12: “Na sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. ... Daarom sal ek hom ’n ereplek gee onder die grotes. Hy sal saam met magtiges die oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is, ...” Met sy beplande opstanding uit die dood het Jesus bedoel om die gawe van die Gees te ontvang en die beloftes van Abraham in Eseg. 36: 24 – te kan waarmaak in die sy kerk. Jesus het dit ook openlik aangekondig op ’n Sabbatdag na sy doop in die sinagoge van Nasaret. Hy het Jesaja 61 doelbewus gelees: “Die Gees van die Here is op My omdat Hy My salf om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig.” (Luk. 4: 18, 19) Jesus het volgens sy eie bedoeling hierdie genadetyd begin met sy doop, dood en opstanding volgens

sy kennis van Jesaja 53: “Hy is gestraf oor die sonde van my volk. Hy het ’n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in die dood al het hy geen misdaad gepleeg nie. Dit was die wil van die Here om hom te verbysel, om Hom die pyn te laat ly.” Jesus het beplan en bedoel om die Dienaar van Jes. 53 te wees: “My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: Hy sal die straf vir hulle sonde dra.” Só het Hy die mag verkry om die Christus te wees wat die Abrahamsbelofte volgens Eseg. 36: 24 – en Jeremia 31: 31 – vir sondaars waar maak! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag Dagstukkies Paassondag.

Joh. 16: 12 – 15, 14: 19, 20: 19 -21. Teks Johannes 14: 19: “Nog net ’n klein rukke, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.” Tema: ‘Christus laat ons lewe die ewige lewe saam met Hom wees.’ Die derde deel van Jesus se woorde in Joh. 14:19 is: “... en julle sal lewe.” Hierdie is die gawe van die ewige lewe. Direk na die Here se uitspraak: Gelukkig is die wat nie sien nie en tog glo”, sluit Johannes sy evangelie só af: “Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur Hom die lewe kan hê.” Watter lewe? Die lewe waar Christus deur sy Gees alle sonde vir altyd vergewe. ’n Lewe waar daar geen oordeel oor sonde, geen sondeskuld, geen sondestraf en daarom geen verwydering ooit tussen ons en die Here deur ons sonde is nie. Dit is ’n lewe altyd binne die liefde van God, soos Jesus dit voor sy dood vir die dissipels gebid het – ons bly in God se liefde en God se liefde bly in ons. (Joh. 17) Dit is die geloofsondekking wat plaasvind wanneer jy glo Jesus het werklik liggaamlik uit die dood uit opgestaan: Hy leef vandag, gee ons sy Gees wat ons met Hom verenig, en in alles wie Hy as mens vir God is vir altyd laat deel. Ons leef só saam met Christus, gister, vandag, more en vir altyd. Die lewe wat ons hier en nou, gister en more leef, is ons ewige lewe saam met Hom as ons Here en ons God. Elke deel van my lewe, vanaf my verwekking in my moederskoot, is my ewige lewe saam met my Here en God, Jesus Christus! Hoe so? Want deur mens te geword het, en weer met sy lewe voort te gaan ná sy opstanding uit die dood vir ewig, het Jesus my ingesluit om só saam met Hom te leef: Hy sal my ook weer uit die dood laat opstaan om weer met my lewe saam met Hom voort te gaan, vir ewig net soos Hy, saam met Hom! Die lewe wat ons nou hier leef is ons ewige lewe saam met Christus, omdat dit nooit sal ophou nie en ons vir ewig só saam met Hom sal leef. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag Dagstukkies Paasvrydag

Jes. 52: 13 – 15, 53: 1 – 12; Mat. 28: 16 – 20; Lukas 24: 25, 26, 45 – 48. Teks Luk 24: 25 – 26: “Moes die Christus nie hierdie ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie.” Tema: ‘Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.’ Jesus het met Paasnaweek alles berekend uitgevoer wat hy beplan het om die Christus te wees:

* Hy kies ’n donkie vir sy intog in Jerusalem as teken Hy is die nederige en onaansienlike Christus soos onder andere Jes. 53: 2 dit ook stel. “Hy het nie

skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie.”

* Hy het openlik die tempeldiens simbolies beëindig om te wys sy dood en opstanding maak 'n einde aan die tempel as seremoniële plek en al die seremonies. (Joh. 2: 13 – 21)

* Jesus het self die Paasnaweek uitgekies as die tyd vir sy dood en opstanding. (Mat. 26:1) Jesus stel die nagmaal as teken in van sy mag om die Christus te wees wat alles vervul wat Paasfees uitbeeld.

* Jesus self gee vir Judas die oomblik om Hom te verrai deur sy hand saam met Judas in die skottel te steek (Mat. 26: 23);

* hy verklaar ook dat sy dissipels Hom gaan verlaat en een hom gaan verloën omdat Hy dit so beplan (Mat. 26: 31);

* hy keer sy dissipels om met geweld sy lyding en dood te keer (Mat. 26:52);

* hy verklaar openlik dat Hy self God is, en gee so self die éinigste rede vir sy kruisiging omdat die Joodse Raad nie 'n wetlike rede kon kry om hom ter dood te veroordeel nie. (Mat. 26: 64);

* hy weier Hy om Homself te verdedig teen Pilatus omdat Hy besluit het Hy is die lam wat nie kla nie, volgens Jes. 53: 7;

* en bid Hy vir oortreders aan die kruis volgens Jes. 53: 12 in die kruiswoorde “Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.” (Luk. 23: 34);

* Met volmag verklaar Hy berekend met 'n aanhaling van Ps. 22 wanneer Hy sterf: “My God, my God waarom het U My verlaat.” om sy bedoeling te wys om Jes. 53: 9 te vervul: Hy het 'n graf gekry by goddeloses, Hy was by sondaars in sy dood al het Hy geen misdaad gepleeg nie.

Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag Dagstukkies Paassondag.

Joh. 16: 12 – 15, 14: 19, 20: 19 -21. Teks Johannes 14: 19: “Nog net 'n klein rukke, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.” Tema: 'Christus laat óns lewe die ewige lewe saam met Hom wees.'

Christus maak elke en alle oomblik van ons lewe, van ons geboorte af, ewigheidsoomblikke. Elke lewensomblik is deel van ons ewige lewe saam met Hom. Hierdie waarde van elke lewensomblik is nie iets geesteliks binne ons nie, dit is nie ons eie gevoelvolheid oor die lewe of die kosbaarheid wat ons aan spesifieke oomblikke heg nie. Christus maak dit in werklikheid ewigheidsoomblikke omdat Hy elke deel van die lewe wat ons met hom leef, deel van die lewe ewig saam met Hom maak. Christus het nie as mens as 'n gees uit die dood uit opgestaan wat sy vorige menslike lewe afgeskryf en tot niet gemaak het nie. Hy het nie as 'n gees opgestaan om sy menslike lewe as onwerklik, waardeloos en ongeestelik agter te los vir 'n nuwe ware en waardevolle lewe as 'n gees nie. Nie een deel van Jesus se lewe voor sy dood het waardeloos geword of meer geestelik of goddelik geword met 'n nuwe ander tipe lewe nie. Elke deel van die Here se lewe as mens voor sy dood is ewigheidsoomblikke. Sy Gees lei ons nie met nuwe goddelike visioene, goddelike ervarings (Jesus se sogenaamde nuwe geestelike lewe) nadat Hy, (so wil die

geestelikes ons wysmaak), sy menslike lewe agtergelos het nie. Sy lewe as mens voor sy dood is die lewe waarin die Gees ons insluit, mee verenig en laat deel as die kosbare lewe wat ons vir God waardevol, heilig en regverdig maak. Só leef en deel ons met Christus sy volle menslike lewe wat Hy vóór sy dood geleef het, én vandag nog leef as mens in die hemel. Dit is wat Jesus verklaar: “Ek sal leef en julle sal leef.” Ons leef sy menslike lewe saam met Hom as die ewige lewe saam met Hom as ons God en Here. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag Dagstukkies Paasvrydag

Jes. 52: 13 – 15, 53: 1 – 12; Mat. 28: 16 – 20; Lukas 24: 25, 26, 45 – 48. Teks: Luk 24: 25 – 26: “Moes die Christus nie hierdie ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie.”

Tema: 'Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.' Hoe kon Jesus bedoel en beplan om die Christus te wees wat na sy dood uit die dood weer as mens sal opstaan om mens te wees? Met hierdie vraag verval al ons menslike sielkundige, politieke, ideologiese of geestelike slimmigheid. Hoe kon Hy sy opstanding as mens uit die dood, om drie dae na sy dood weer lewend mens van vleis en bloed te wees na sy beplande lyding, kruisiging en dood, bedoel, beplan en uitvoer? Daar is net aan antwoord, volgens alle getuïenisse, omdat Hy geweet het dat Hy Gód is! God self het die Christus kom word. Hy het nie iemand anders as die Christus gestuur nie. God het mens geword om self die Christus te wees. (Joh. 1: 14) Hy het geweet Hy is God en sal deur die krag van sy Godheid as mens self uit die dood opstaan! Daarom het Jesus Homself reeds voor sy dood en opstanding aan die Jode só as God openbaar: “Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is.” (Joh. 8: 58) Hy het geweet Hy is die God wat Hom aan Moses só openbaar het. (Ex. 3: 14, 15)

* Dit is die volmag waarmee Christus sy eie dood en opstanding ten spyte van sy dissipels se ongeloof, verlating en verwerping uitgevoer het;

* ten spyte van die Joodse Raad se besluit om hom nie op die fees dood te maak en

* ten spyte van Pilatus se poging om Hom nie onskuldig dood te maak, deur gevoer het (en dan gee Pilatus hom tog oor...);

Christus het dit met sy volmag as God so beskik! Dit is die werklikheid waarvoor Paasfees ons stel!

Glo ons God het self die Christus geword wat sy eie dood en opstanding bedoel, beplan en uitgevoer het deur sy mag waarmee Hy as God alles volgens sy wil beskik, om ons reg en heilig vir God se liefde te maak? Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag Dagstukkies Paassondag.

Joh. 16: 12 – 15, 14: 19, 20: 19 -21. Teks Johannes 14: 19: “Nog net ’n klein rukke, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.” Tema: 'Christus laat ons lewe die ewige lewe saam met Hom wees.'

Christus maak elke en alle oomblikke van ons lewe, van ons geboorte af, ewigheidsoomblikke. Elke deel van die Here Jesus se lewe voor sy dood, gee aan ons lewe ewigheidswaarde: * Sy geboorte en lewe as heilige mens wat Hy vir dertig

jaar lank geleef het, maak ons heilige mense.

* Sy lyding wat Hy as veroordeelde sonbaar gedra het in en deur sy lewe, maak ons verheerlikde kinders van God.

* Sy kruisiging maak ons God se geseënde kinders wat in die seëninge deel van Christus se lewe voor sy opstanding;

* Sy dood maak ons skuldloos omdat ons nou deel is van die verdienste van die lewe wat Christus geleef het;

* Sy verwerping om ter helle neer te daal maak ons God se geliefde kinders omdat ons deel is van die liefde wat Hy sy hele lewe op aarde vir God geleef het. Hierdie lewe wat die Here as mens op aarde geleef het, gee ons lewe ewigheidswaarde. Jesus het nie na sy opstanding nuwe goddelike waardes in die hemel gaan kry om aan ons toe te voeg nie. Dit is sy lewe vóór sy hemelvaart wat ons lewe ewigheidswaarde gee. Nie een deel van die Here se lewe op aarde het waardeloos geword in 'n geestelike tipe lewe na sy opstanding uit die dood nie. Deur sy opstanding kan Hy ons juis laat déél in die waarde van die lewe wat Hy op aarde geleef het. Dit is hoe die Here vandag ons lewe die ewige lewe met Hom ook maak. Niks wie ek as mens van my konsepsie af is, sal wegraak, tot niet gaan of verdwyn nie want dit is deel van my ewige identiteit as mens. In hierdie geloof dien, eer, dank en aanbid ek God in elke oomblik van my lewe in swaarkry en voorspoed, want elke oomblik is deel van my ewige identiteit as mens met God vir ewig. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus